Les 5

**24 tot 30 Oktober*

Jesus, die Meesteronderwyser

Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:
Heb. 1:1–4; 2 Kor. 4:1–6; Joh. 1:14, 18; 14:1–14; Fil. 2:1–11; 2 Kor. 5:16–21.

Geheueteks:
"Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn – dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus" (2 Korintiërs 4:6).

Billy Graham vertel die verhaal toe hy soldate in 'n veldhospitaal saam met hulle generaal besoek het. Een jong soldaat was so vermink dat hy gesig ondertoe moes lê op 'n kampbedjie van staal en seildoek. 'n Dokter het in Graham se oor gefluister: "Ek twyfel of hy ooit weer sal loop." Die soldaat rig toe 'n versoek aan die generaal: "Generaal, . . . ek het vir jou geveg, maar ek het jou nog nooit gesien nie. Kan ek jou gesig sien?" Die generaal gaan lê toe op die vloer onder die soldaat se bed en praat met hom. Terwyl Graham na die toneel gekyk het, sien hy hoe 'n traan van die soldaat op die generaal se wang val.

Rondom die tyd van Jesus se geboorte het die mensdom ook vermink en bebloed gelê, met 'n groot behoefte aan 'n genesende visie van God. Dit was asof die mensdom gesmeek het: "Ag God, kan ons U gesig sien?" Toe God sy Seun na hierdie planeet gestuur het, het die Vader die Meesteronderwyser met 'n sendingopdrag gestuur: om aan die mensdom Sy gesig te wys. Sedertdien het ons nog altyd die wonderlike voorreg gehad om "die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus" te sien *(2 Kor. 4:6)*. Wat kan ons van die Meesteronderwyser leer terwyl Hy sy pad hier op aarde bewandel het?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 31 Oktober.*

Sondag

25 Oktober

Om die Vader te openbaar

Wat is die belangrikste punte wat die apostel oor Jesus wil tuisbring met die aanvang van sy sendbrief aan die Hebreërs? *(Heb. 1:1–4*).

Die skrywers van die Nuwe Testament het by herhaling ‘n baie belangrike punt beklemtoon: Jesus het na die aarde toe gekom om aan die mensdom te toon wie die Vader is. In die verlede het God se openbarings in gefragmenteerde stukkies deur die profete gekom; maar in Jesus het die finale en volledige openbaring van God gekom. Uit Hom, Jesus, “straal die heerlikheid van God” *(Heb. 1:3, AFR83)*. As sondige mense kon ons nie volle toegang tot die heerlikheid van God verduur nie. Die vleesgeworde Seun, Jesus, weerkaats daardie heerlikheid. In Christus se menswees is daardie heerlikheid gedemp sodat ons dit kan sien en die karakter van God duidelik kan verstaan.

Jesus is ook “die ewebeeld van die wese van God” *(Heb. 1:3, AFR83)*. Die term wat hier gebruik word, die Griekse woord karakter, word dikwels gebruik vir die druk van ‘n seël in was, of die beeld wat op ‘n munt geslaan word. So is Jesus “die afdruksel van sy wese” *(Heb. 1:3)*. Indien ons graag die Vader wil ken, moet ons baie mooi luister na wat die Leermeester oor Hom sê. En ons moet ook na die Leermeester kyk. Die Vader word in die Seun gesien.

Vergelyk Hebreërs 1:1–4 met 2 Korintiërs 4:1–6. Wie is Jesus, in 2 Korintiërs 4:1–6, en wat leer ons van Hom?

Terwyl hulle ander van God geleer het, het Paulus en sy medewerkers gepoog om Jesus se eie bedieningsleer van die Vader te weerkaats. Jesus, “wat die beeld van God is” *(2 Kor. 4:4),* het vir ons kennis oor God die Vader gebring. Op dieselfde wyse vermy Paulus misleiding en verwringing van God se Woord, en, maak hy “die waarheid openlik bekend” *(2 Kor. 4:2, AFR83)*. Net soos God lig gebruik het by die skepping om die duisternis te verdryf, het Hy sy Seun, Jesus, aan ons gegee, om alle vals beskouings oor Hom te verdryf, en om aan ons die waarheid oor God te toon. Dit is in “die aangesig van Jesus Christus” dat ons die duidelikste kennis van God opdoen *(2 Kor. 4:6)*.

Jesus het die Vader akkuraat weerspieël, en ons is ook daartoe opgeroep om dit te doen, aangesien ons “die kinders van God is” en “sy voorbeeld volg” (Efe. 5:1, AfR83). Wat beteken dit, en wat kan ons van Jesus leer hoe om “navolgers van God” te wees?

Maandag

26 Oktober

Openbaring van die Vader (vervolg)

In sy aangrypende voorwoord tot sy evangelie *(Joh. 1:1–18),* bespreek Johannes Jesus as die ewige "Woord". Johannes se uitsprake oor Jesus is nie skugter of beperk nie; dit is dapper en kosmies van aard. Jesus het bestaan nog voordat die aarde tot stand gekom het- vanaf alle ewigheid eintlik. Trouens, Jesus is die uitvoerende werktuig van skepping *(Joh. 1:2,3)*. Hy is "die lig vir die mense" *(Joh. 1:4, AFR83)*, en, soos die Woord in die wêreld ingekom het, het Hy "elke mens verlig" *(Joh. 1:9)*.

Wat is, volgens Johannes, die gevolg van Jesus se vleeswording? Soos die Woord, watter lig het Hy gebring? Oor watter eienskappe beskik Hy om wel so te doen? Joh. 1:14, 18.

"Die Lig het verskyn toe die wêreld se duisternis op sy digste was (. . .)

"Daar was net een hoop vir die mensdom . . . dat die kennis van God tot die wêreld herstel sou word.

"Christus het gekom om hierdie kennis te herstel. Hy het gekom om die valse leer nietig te verklaar waardeur diegene wat voorgegee het om God te ken, Hom verkeerd voorgestel het. Hy het gekom om die aard van Sy wet te openbaar, om in Sy eie karakter die heilige sieraad bekend te maak."—Ellen G. White, *Opvoeding,* pp. 74-76.

Alles wat Jesus in Sy lewe op aarde gedoen het, het een doel gehad: "alles was middele tot die een doel – die openbaring van God vir die opheffing van die mensdom."—*Opvoeding*, p. 82.

Jesus het self gesê: "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien" *(Joh. 14:9).* Onder watter omstandighede het Jesus hierdie stelling gemaak? Waarom het Hy dit gesê? Joh. 14:1–14.

Ons sou dalk eerder Filippus se ondeurdagte uitspraak wou kritiseer *(Joh.14:8)*. Na jare se noue kameraadskap met Jesus mis hy nog steeds die wesenlike punt van die vleeswording – dat Jesus gekom het om die Vader se karakter te toon. Moontlik kan onderwysers vandag daardeur getroos word dat een van die Leermeester se studente so sleg gevaar het! Filippus se uitspraak is waarskynlik opgeskryf, nie om hom te kritiseer nie, maar eerder om ons die geleentheid te gee vir selfondersoek. Hoe lank stap ons al saam met Jesus? Verstaan ons Jesus enigsins beter as wat Filippus gedoen het? "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien."

Dinsdag

27 Oktober

Om die Meesteronderwyser se gedagtes te lees

Watter besorgdheid het Paulus in sy hart oor die Christen-gemeenskap in Filippi terwyl hy hierdie brief aan hulle skryf? Fil. 2:1–4; Fil. 4:2, 3.

Filippense 2:1-11 is een van die diepsinnigste gedeeltes in die hele Bybel. Dit bespreek die voorafbestaan van Christus, Sy goddelikheid, Sy vleeswording, Sy menslikheid, Sy aanvaarding van die dood aan die kruis. Dit beskryf die lang en moeilike afdraande pad wat Jesus van die hemel na Golgota geneem het *(Fil. 2:5-8)*. En dit beskryf hoe die Vader Jesus verhoog het tot die posisie van universele aanbidding *(Fil. 2:9–11)*. 'n Groot aantal wonderlike waarhede is in hierdie teksverse ingebou.

Hoe stel Paulus Filippense 2:5–11 bekend? Van watter gebeure wat hy oor Jesus se lewe opnoem, dink jy verwag hy dat gelowiges in hulle eie lewens oor moet besin? Fil. 2:6–11.

Paulus hoop dat die gelowiges in Filippi, wat dalk wou argumenteer, uit Jesus en Sy vleeswording sal leer. As Jesus die menslike vlees kon aanneem- "deur die gestalte van 'n slaaf (. . .) en aan mense gelyk te word" *(Filip. 2:7, AFR83)*— en Hom selfs onderwerp aan kruisiging, hoeveel te meer moes hulle nie uit liefde aan mekaar onderdanig wees nie? Ons word daaraan herinner dat daar baie te leer is van die Meesteronderwyser, Jesus. Ons leer veral uit die boodskappe en lesse wat Hy gedurende Sy aardse bediening gedeel het. Ons leer uit die wonderwerke wat Hy verrig het, en die manier waarop Hy teenoor ander mense opgetree het. Ons moet poog om ons eie verhoudinge met ander te skoei op Sy groot minsaamheid, en na te dink oor Sy gewilligheid om die heerlikheid van die hemel te verruil vir 'n krip (wat 'n lewensles is dit vir ons!). In teenstelling hiermee nooi die wêreld ons graag uit om onsself te verhoog, en in ons eie prestasies te roem. By 'n krip in Betlehem, en van die Leermeester self, leer ons 'n ander les - dat God se groot opvoedingswerk en verlossing in ons voltooi word, nie deur onsself te verhoog nie, maar deur ons voor God neer te buig en diensknegte vir ander te word.

Deur watter situasie word jy tans in die gesig gestaar waarin jy joueself moet neerbuig om sodoende 'n kragtige geleentheid te bied om Christus aan ander te toon?

Woensdag *28 Oktober*

Die Leermeester en versoening

Menslike verhoudinge beland maar gereeld op die rotse. Ons word van mekaar vervreem. Die persoon wat eens jou naaste vriend was, word mettertyd iemand wat jy wantrou. Maar, so ‘n verhouding kan weer heel gemaak word. Wanneer dit wel gebeur, ervaar ons die wonder van versoening. Min menslike ervarings is so wonderlik soos dit.

Op watter wyse lê versoening aan die hart van Christus se vleeswording en Sy rol as Leermeester? 2 Kor. 5:16–21.

Wanneer ons geseënd voel met ‘n menslike verhouding wat weer herstel is, hoe wonderlik behoort ons nie te voel wanneer ons weer met God versoen is nie? In 2 Korintiërs 5:16–21 stel Paulus dit baie duidelik wie die versoeningswerk doen- God die Vader het die leiding geneem om ons gebroke verhouding met Hom heel te maak. En Hy doen hierdie versoeningswerk “deur Christus” *(2 Kor. 5:18)*. “God deur Christus (het) die wêreld met Homself versoen” *(2 Kor. 5:19, AFR83)*.

En, weer eens, ons behoort nie bloot verbruikers van die vreugde van versoening te wees nie. Ons moet van die Leermeester leer. In Sy vleeswording het Jesus deel gehad aan die versoeningswerk. En ons word ook uitgenooi om daaraan deel te hê. God het Homself deur Christus met ons versoen. Aan ons, saam met Paulus, word hierdie “woord van die versoening aan ons toevertrou” *(2 Kor. 5:18)*.

Kolossense 1:15–20 is een van die ander wonderlike gedeeltes uit die Nuwe Testament wat handel oor Christus se vleeswording. Die eerste helfte van hierdie gedeelte, wat moontlik ‘n lied kan wees, bespreek Christus se rol in die skepping *(Kol. 1:15–17)*, terwyl die tweede gedeelte op Christus se versoeningsrol fokus *(Kol. 1:18–20)*. Deur Christus se rol as Skepper-Verlosser, versoen God alle dinge met Homself. Die werk van versoening wat God deur Christus bewerk het, is kosmies van aard, en dit het ‘n impak op “die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele” omdat “Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis” *(Kol. 1:20)*. Alhoewel ons nooit die kosmiese omvang van die Leermeester se werk as versoener sou kon ewenaar nie, word ons tog uitgenooi om deel te hê aan “die bediening van die versoening” in ons eie omgewing *(2 Kor. 5:18)*. Is dit dalk wat Jesus in gedagte gehad het toe Hy gebid het: “Soos U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur” *(Joh. 17:18)*?

Op watter praktiese wyses kan ons nadink oor God se rol as bemiddelaar (versoener)? Is daar tans enige omstandighede waar jy moontlik mense kan help om weer met mekaar te versoen?

Donderdag *29 Oktober*

Die Leermeester se eerste leerders

Die een oomblik nog is hulle ‘n klomp gewone skaapwagters wat ‘n gewone trop skape buite ‘n klein dorpie oppas. Slegs die volgende oomblik is hulle die getuies van ‘n wonderlike verskyning van engele wat verrassende, wonderlike, en aardskuddende nuus aan hulle meedeel. Aangevuur deur hierdie verskyning vertrek hulle haastig om na die kind te gaan soek wat die engele aangekondig het.

Stel jou voor dat jy saam met die herders in die krip staar. Wat sou jy sien? Lukas 2:8–20.

Ons behoort die eerste leerders van die Leermeester te bewonder- Josef en Maria en die skaapwagters. Die nederige omstandighede waarin die geboorte van Jesus plaasgevind het, bied geen aanduiding van die wonder van die vleeswording nie. Hierdie Baba was die Persoon, God, wat een geword het met die mensdom. Maar, met die hulp van visioene, drome, en engele, was daardie eerste leerders van Hom in staat om verby die uiterlike voorkoms van Jesus se geboorte te kyk. Die herders deel hierdie baba se identiteit met ander: “Hy is die Saligmaker wat Christus, die Here, is” *(Lukas 2:11; vergelyk Lukas 2:17)*.

Hoe reageer die wyse manne op die nuus van Jesus se geboorte? Wat is Herodes se reaksie? Matt. 2:1–12.

Nog voor Hy sy eerste gelykenis vertel het, of die eerste wonderwerk verrig het, is die Leermeester waardig om ons aanbidding te ontvang vanweë wie Hy is. Voordat ons die latere onderrigbediening van Jesus eers werklik kan waardeer, moet ons onsself by die wyse manne skaar in hulle aanbidding van die Leermeester. Die een wie se onderwysing ons bewonder, is meer as net ‘n slim opvoeder. Dit is God wat onder mense kom woon het. Christelike opvoeding is diep gewortel in die aanbidding van Christus. Saam met wyse manne, herders, en engele word ons geroep om Christus te aanbid. Hy is die nuutgebore Koning- in die baba Jesus sien ons die werklikheid van God Self.

Wat sou die vleeswording van Jesus beteken in terme van die karakter van God? Die Skepper van die heelal, wat so groot is dat ons dit nie kan begryp nie- dit is die God wat “Homself verneder” het deur ‘n mens te word, wat soos Jesus geleef het, aan die kruis gesterf het, wat in Homself die straf vir ons sondes gedra het. Waarom is dit sulke goeie nuus?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, "Die Leermeester wat van God gekom het", pp. 73–83, in *Opvoeding*. "In die Leermeester wat van God gekom het, vind alle ware opvoedkundige werk sy middelpunt. Van hierdie werk vandag net so gewis as van die werk wat Hy agtienhonderd jaar gelede tot stand gebring het, *spreek die Heiland met die woorde: "Ek is die eerste en die laaste en die lewende." "Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde." *Openbaring 1:17, 18; 21:6*. (*Stelling eerste keer in 1903 gepubliseer.) Watter opperste dwaasheid is dit nie om, in die teenwoordigheid van so 'n Leermeester, van so 'n geleentheid vir Goddelike opvoeding, 'n opvoeding apart van Hom te soek nie - om buite die Wysheid wys te probeer wees; om waaragtig te wees, terwyl die Waarheid verwerp word; om weg van die Lig verligting te soek, 'n bestaan sonder die Lewe; om jou van die Fontein van lewende water af te wend en gebarste reënbakke uit te kap wat geen water hou nie. Kyk, Hy rig nog Sy uitnodiging: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei." "Die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe." *Johannes 7:37, 38; 4:14*."—Ellen G. White, *Opvoeding*, p. 83.

"Geagte onderwyser, . . . "As die hoogste voorbereiding vir u werk, wys ek u op die woorde, die lewe, die metodes, van die Prins van leermeesters. Ek vra u, let op Hom. Hier is u ware ideaal. Aanskou dit, oordink dit, totdat die Gees van die Goddelike Leermeester van u hart en lewe besit sal neem. As u "soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou," sal u "van gedaante verander [word] na dieselfde beeld." *2 Korinthiërs 3:18*. Dit is die geheim van mag oor u leerlinge. Weerkaats Hom."—*Opvoeding,* p. 282.

Vrae vir bespreking:

1. Watter waardes en optrede sou belangrik wees vir Christen-opvoeders en studente wat dit ernstig opneem om van die Leermeester se vleeswording te leer?

2. Christen-ouers en onderwysers moet 'n hoë standaard handhaaf- om die karakter van God te weerkaats soos dit geopenbaar word in die vleeswording van Jesus. Wat behoort ons te doen wanneer ons te kort skiet aan hierdie hoë standaard?

3. Bespreek Donderdag se vraag in die klas. Wat leer die geboorte, lewe, en dood van Jesus ons oor die karakter van God? Waarom behoort dit ons te vertroos, veral gedurende tye van groot beproewing?